AFRIKAANS GRAAD 7     WOENSDAG 13 MEI 2020

In jou handboek op p. 84 is ‘n oefening wat afgehandelde werk hersien. Doen hierdie oefening in jou ALGEMENE BOEK. Aangesien die oefening in jou Algemene boek gedoen word, is dit nie nodig om die vrae af te skryf nie.

**Let wel:** Dis ‘n bietjie verwarrend in die oefening! Die stukkie teks wat VOOR elke vraag staan, het betrekking op die vraag.

---

WOENSDAG 13 MEI 2020 MEMORANDUM

1. Die vervaardigers van roepman *the film factory en bosbok 6* bring die epiese drama grootskerm toe.
   Die vervaardigers van **R**oepman**, T**he **F**ilm **F**actory en **B**osbok 6**,** bring die epiese drama grootskerm toe.

2. Roepman speel hom in 1966 in ‘n spoorweg gemeenskap af en word uit die oogpunt van die 11 jarige Timus vertel, vertolk deur Paul Loots.
   ***Roepman*** speel hom in 1966 in ‘n **spoorweggemeenskap** (dis een woord want dis ‘n samestelling van twee soortname) af en word uit die oogpunt van die **11-jarige** (dit kry ‘n koppelteken want dis ‘n samestelling met ‘n getal) Timus vertel, vertolk deur Paul Loots.

3. Toeskouers kan ook uitsien na die blink spel van talle akteurs Rika Sennet, Deon Lotz, Lida Botha, Paul Lückhoff en Altus Theart.
   a) Hoekom is die woord ‘toeskouers’ nie van pas in hierdie konteks nie?
      Toeskouers is die woord wat gebruik word vir mense wat na ‘n wedstryd of ‘n gebeurtenis of toneel kyk. Hierdie is ‘n fliek.
   b) Wat is die korrekte term?
      **Kykers** is die term wat gebruik word vir mense wat na ‘n fliek of TV-aanbieding kyk.
   c) Wat is die vroulike vorm van *akteurs*?
      Aktrises

4. a) Watter leesteken ontbreek in die bostaande sin?
      Die dubbelpunt ná akteurs ontbreek
   b) Wat is die doel van hierdie ontbrekende leesteken?
      Dit dui daarop dat ‘n lys opgenoem gaan word of dat ‘n verduideliking volg.

5. Timus vra vir sy ma hoekom sy laat is.
   Skryf die sin oor in die direkte rede.
   Timus vra: “ Mamma, hoekom is Mamma laat?”

6. Timus en sy gesin is vasgevang in die geweld van sy tyd die kerk en die staat steun apartheid.
   Watter leesteken ontbreek in die bostaande sin?
   Timus en sy gesin is vasgevang in die geweld van sy tyd **-** die kerk en die staat steun apartheid.

7. Joon probeer tot Timus se redding kom Timus verloor sy onskuld.
   Watter leesteken ontbreek in hierdie sin? Verduidelik hoekom jy dit hier invoeg.
   Joon probeer tot Timus se redding kom**;** Timus verloor sy onskuld.
   Die kommapunt is in die plek van 'n voegwoord soos *maar.*

8. Die opskrif van die artikel dui op opgewondenheid: Hier kom 'n grote
   Watter leesteken sal die emosie versterk?
   'n Uitroepteken. Hier kom 'n grote!

9. Hierdie rolprent wys hoe dit nie net altyd die tipiese held is wat wen nie.
   a) Benoem die voornaamwoorde in hierdie sin
      hierdie – aanwysende voornaamwoord
      dit – onpersoonlike voornaamwoord
      wat – betreklike voornaamwoord
   b) Skryf al die selfstandige naamwoorde in die meervoud.
      rolprent – rolprente
      held – helde

10. Skryf die onderstaande sinne korrek oor.
    a) Aanhangers van die blou bulle reken hulle span het die meeste talent.
       Aanhangers van die **B**lou **B**ulle reken hulle span het die meeste talent.
    b) Môre, ma, kan ek vir jou koffie bring?
       Môre, **M**a, kan ek vir jou koffie bring?
    c) Die volgende spanne is verteenwoordig Wes-Kaap, Noordwes en Mpumalanga.
       Die volgende spanne is verteenwoordig**:** Wes-Kaap, Noordwes en Mpumalanga.
    d) Sy is nie as die fiksste atleet aangewys nie sy oefen steeds toegewyd.
       Sy is nie as die fiksste atleet aangewys nie**;** sy oefen steeds toegewyd.

11. Gee die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woorde.
    **a)** Toe die **aartshertog** sterf, het die oorlog uitgebreek.
       aartshertog - aartshertogin
    **b)** Dis my **skoonsuster** en my **niggies.**
       skoonsuster – swaer
       niggies – nefies / neefs

12. Skryf die korrekte betreklike voornaamwoorde neer.
    a) Die atleet van wie ek gelees het, oefen harder as al die ander wat ek ken.
    b) Sonder die reëls waarvolgens hulle die wedstryd moet speel, sal dit in chaos ontaard.
    c) Die doel waarna ons maatskappy strewe, is om produkte te lewer waarby jy baat.

13. Skryf in die indirekte rede:
    a) Adam vra: "Kan Meneer asseblief vir my die som verduidelik?"
       Adam vra die onderwyser hoflik of hy die som vir hom kan verduidelik.
       Adan vra of die onderwyser asseblief die som vir hom kan verduidelik.
    b) Hy roep: "Komaan, julle!"
       Hy roep hulle opgewonde.
       Hy moedig hulle opgewonde aan.

14. Skryf in die direkte rede met 'n geskikte tussenwerpsel. (Hier is meer as een moontlike antwoord!)
    a) Jan jaag die buurkat woedend weg.
       Jan skree kwaad: "Voert, jou simpel kat!"
    b) Met 'n uitroep van verbasing vra Eugene sy ma hoe sy dit reggekry het.
       Eugene vra: "Hemel, Ma! Hoe het Ma dit reggekry?"
    c) Met 'n uitroep van jammerte buk Kobus af en vra die kind wat gebeur het.
       Kobus buk af en vra: "Siestog, Kindjie, wat het gebeur?"